**Bring voortdurend ‘n lofoffer aan God**

**Heb 13:7-16**

**12 Februarie 2023**

1. Heb 12:18-24 – Oproep om God dankbaar en welgevallig te dien met eerbied en ontsag.
2. Heb 13:1-6 – Praktiese maniere: Broederliefde, gasvryheid, besorgdheid oor gevangenes, huwelik, tevredenheid met wat ons het
3. Heb 13:7-16 – voortsetting van hoe ons God moet dien: eers ‘n argument (v7-14), dan twee oproepe (v15-16)
4. Argument in Heb 13:7-14
   a. Vers 7 – Dink aan afgestorwe leiers wat Woord van God verkondig het
      - Onthou hulle geloof en hoe hulle gesterf het
   b. Vers 8 – Jesus Christus is gister en vandag dieselfde, en tot in ewigheid
      - Hy is die fokus van God se werk (Fil 3:7-8)
      - Nuwe verbond is reeds in plek – geen verdere veranderinge gaan plaasvind nie
   c. Vers 9 – Moet nie meegevoer word deur vreemde leringe nie
      - Daar gaan geen sinvolle nuwe leringe wees nie
      - Leringe oor dinge soos eetgebruike is nutteloos (Kol 2:8, 16-17, 23)
   d. Verse 10-14 – Jesus is vervulling van ou verbond skadu’s
      - Verskillende offers in ou verbond: Brandoffer – volledig verbrand op brandofferaltaar (Lev 1:6-9), Reinigingsoffer – bloed gesprinkel, karkas buite laer verbrand (Lev 4:3-12), Dankoffer – gedeeltelik verbrand, gedeeltelik geëet (Lev 22:29-30)
      - Vers 10: Gelowiges het offeraltaar – die kruis. Soos volk met dankoffer gemeenskap met God gehad het deur te eet van die offer, het gelowiges gemeenskap met God deur die kruis. Levitiese priesters deel nie hierin nie.
      - Vers 11: Verwys na die reinigingsoffer wat versoening van sondes moes bewerk
      - Vers 12: Verbranding van reinigingsofferdier se karkas buite laer is vervul in Jesus se kruisiging buite stadspoort – Hy het in ons plek vervloekte geword
      - Jesus het uit die tempel/stad gegaan, want die skadu’s is vervul en uitgedien
      - Vers 13: Ons gaan ook uit – die skadu’s het geen nut meer nie
      - Vers 14: Ons verwag stad met fondamente (Heb 11:10), hemelse Jerusalem (Heb 12:22)
5. Oproepe in Heb 13:15-16
   a. Vers 15: “Laat ons dan....” – oproepe volg op argument in verse 7-14
   b. Voortdurend lofoffer aan God bring (v15, vgl Heb 12:28)
      - Ou verbond dankoffers vervang met lofoffers en lewensoffers (Rom 12:1)
      - Moet voortdurend gebring word – moet telkens verwonderd wees
      - Vrug van lippe wat God se Naam bely – in woorde, sang, gebede
   c. Verander ook ons lewe (v16)
      - Doen goed en wees mededeelsaam – soos wat God aan ons gedoen het – daarom het God behae daarin